higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VERVOEREKONOMIE
NKR VLAK 4

7 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 D
1.2 B
1.3 B
1.4 D

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 2

2.1 Waar
2.2 Onwaar
2.3 Onwaar
2.4 Waar

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 3

3.1 C
3.2 A
3.3 E
3.4 B

(4 × 1) **[4]**

VRAAG 4

4.1 ’n Mark is ’n plek of geleentheid waar mense goedere en dienste koop en verkoop.

4.2 Intermodale aanbod is die gebruik van ’n aantal vervoermodusse om goedere van oorsprong na bestemming te vervoer.

4.3 Vervoerinkomste is die bedrag geld wat ingevorder word uit die vervoerdienste en goedere wat aangebied word.

4.4 Internasionale handel is ’n uitruiling van produkte (goedere) of dienste oor landsgrense heen.

(4 × 2) **[8]**

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Die infrastruktuurvlak:
Dit is die fisiek en wesenlik digte deel van die vervoeraanbodstelsel, naamlik paaie, spoorweë, lughawens

Die infostruktuurvlak:
Hierdie vlak is daarop gerig om optimale gebruik van die eerste vlak te verseker, en ontwikkel snel.
Dit sluit in al die stelsels en liggame wat die gebruik van vervoerinfrastruktuur moontlik maak, byvoorbeeld die metropolisie wat verkeer beheer, lugverkeerbeheerstelsels, sinjaalstelsels op die spoornetwerk en die koördinering van robotte (verkeersligte) in stedelike gebiede.

Die diensvlak:
Dit is die aanbod- of voorsieningsvlak en behels die aankoop deur verbruikers van die vervoeraanbod om in hul vraag na vervoer te voorsien.
(Enige 2 × 3) (6)

5.2
- Totale koste-kromme
- Marginale koste-kromme
- Gemiddelde koste-kromme (3)

5.3

Omstandighede wat vervoerkoste beïnvloed	Faktore
• Geografie	• Afstand, fisiografie, toeganklikheid
• Tipe produk	• Verpakking, gewig, bederfbaarheid
• Skaalbesparings	• Besending se grootte
• Energie	• Energie benodig om vervoerdienste te bedryf, stygende energiepryse veroorsaak styging in vervoerpryse
• Handelswanbalans	• Leë reis
• Infrastruktuur	• Vermoë, beperkings, bedryfsbepalings
• Modus	• Vermoë, beperkings, bedryfsbepalings
• Mededinging en regulering	• Tariewe, beperkings, veiligheid, eienaarskap

(Enige ander toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

5.4
- Tegniese regulering
- Sosiale regulering
- Ekonomiese regulering (Enige ander toepaslike antwoorde 3 × 1) (3)

5.5



(3 × 4) (12)
[28]

VRAAG 6

6.1
- Vervoerdiensverskaffers kan die prys van hul vervoerdiens verlaag om meer reis aan te moedig of om verbruikers van ander modusse weg te lok.
- Vervoerdiensverskaffers kan die gehalte van die vervoerdiens verbeter deur die frekwensie, betroubaarheid, gemak, diensgebieddekking en spoed van diens te verbeter. (Enige ander toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

6.2
- Verstedeliking vergroot die vraag na daaglikse reis.
- Die aantal mense wat motors besit, het die snelste in die Wes-Kaap en Gauteng toegeneem.
- Kleiner gemiddelde huishoudinggroottes het daartoe gelei dat minder huishoudelike ritte in 2003 as in die middel-1990's onderneem is.
- Ons sien die grootste veranderinge in modale keuse in verhoogde motoreienaarskap, langer reistye, en bevolkingsgroei in Suid-Afrika se metropolitaanse gebiede. (Enige ander toepaslike antwoorde 4 × 2) (8)

6.3
- Grootmaatkarweiers
- Passasierskepe
- Algemene vragskepe
- Ry-op-ry-af (ro-ra) -skepe (Enige 3 × 1) (3)

6.4
- Hoeveel passasiers die ritte onderneem
- Die finale bestemming van ritte/reise
- Modusse en roetes wat gekies word
- Die tipe vervoermiddel wat gebruik word
- Waar voertuie geparkeer sal word en vir hoe lank
- Tipes vervoerdienste gebruik (Enige 5 × 1) (5)

6.5

Beperkings van spoorvervoer	Produkte per spoor vervoer
• Toeganklikheid • Inkonsekwente diens ✓ • Voorvalle van skade✓ • Vandalisme van infrastruktuur	• Steenkool • Timmerhout, papier • Graan • Chemikalieë

(Enige ander toepaslike antwoorde 5 × 1) (5)

6.6

Modusse	Vaste koste	Veranderlike koste
Pypleiding	Hoogste (reg van weg, konstruksie, pompvermoë)	Laagste (geen beduidende arbeidskoste nie)
Lug	Laagste (vliegtuie en vragstelsels)	Hoog (arbeid, instandhouding, brandstof)

(Enige ander toepaslike antwoorde 4 × 1) (4)
[29]

TOTAAL AFDELING B: 57

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Beteken al die strategieë wat die staat, munisipale rade en organisasies gebruik om verkeer te bestuur. (2)

7.1.2
- Verseker kostedoeltreffende reis
- Verseker die doeltreffende beweging van mense en goedere
- Maak ander vervoermodusse, soos fietsry en stap, meer aantreklike opsies
- Moedig mense aan om vervoer en modusse op so ’n manier te gebruik dat dit volhoubaar is
- Hou padgebruikers veilig op die paaie
- Verbeter die lewensgehalte van alle padgebruikers en inwoners wat in die gebied woon
- Hou die verkeer aan die beweeg
- Bevorder meer doeltreffende vervoermodusse
- Verbeter die plaaslike omgewing
- Verlaag druk op die omgewing

(Enige ander toepaslike antwoorde 2 × 2) (4)

7.2
- Tolpaaie teen vaste tariewe
- Kongestieprysvasstelling teen veranderlike tariewe
- Kordontariewe
- Hoëvermoë-tolbane
- Afstandgebaseerde tariewe
- Betaal-soos-jy-bestuur-versekering (Enige 3 × 1) (3)

7.3
- Verskillende vervoermodusse kan ’n meer doeltreffende en vinniger vervoerdiens lewer.
- Die vervoerdiens kan goedkoper wees of teen ’n laer koste aangebied word deur verskillende vervoermodusse oor verskillende gebiede en terreine te gebruik.
- Verbruikers van vervoer kan voordeel trek uit die beste diens- en prestasie-eienskappe van die verskillende vervoermodusse.

(2 × 3) (6)

7.4



bestemming

of



’n Produk wat uitgevoer moet word, word per pad na ’n spoorwegstasie/lughawe vervoer. Van daar kan dit per trein of per pad na ’n hawe gestuur word, waar dit op ’n skip gelaai word om na ’n ander land uitgevoer te word of na die gebruiker gestuur te word. (1 × 8) (8)

[23]

TOTAAL AFDELING C: 23
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou